September - Oktober 2024

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 24, No. 5 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2023 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van
Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Waar is al die werkers heen?

*The Many Loves of Dobie Gillis* was 'n sitkom wat vanaf 1959-1963 op Amerikaanse televisie gebeeldsend is. Die drie hoofkarakters daarin was Dobie, Zelda Gilroy en Maynard G. Krebs. Laasgenoemde was 'n teenkultuur wat enige soort werk geminag het. Elke keer wanneer die woord, "werk" in 'n gesprek opgeduik het, het Krebs terugdeins en geskreeu: *"Werk!"*

Genadiglik is Beatniks en Dobie Gillis deesdae onbekend vir die meeste mense. Krebs se houding teenoor werk het egter geleidelik posgevat as gevolg van ander redes as die sitkom en dit het die afgelope paar jaar skerp toegeneem. Alhoewel die oorsake verskil, is akute tekorte van arbeiders uiters kommerwekkend en dit geld vir die Verenigde State, Kanada, China, Duitsland asook elders.

Die probleem is ingewikkeld en het baie fasette. Daar is die kwessie van die veroudering van bevolkings. Daar is voortdurend tegnologiese veranderings en ontwikkelings wat verskillende vaardighede vereis. Ons sien dit in militêre magte waar spierkrag voorheen die belangrikste – indien nie die enigste – eienskap was wat van 'n soldaat vereis was. Dit is nie nou meer so nie. Hedendaagse soldate moet leer hoe om met gesofistikeerde toerusting te werk.

Nog 'n probleem wat 'n tekort aan arbeiders veroorsaak – toegesmeer deur sogenaamde "werkloosheidsyfers" – is die aantal werkers wat uit die arbeidsmag uitval. Ekonoom Chuck Vollmer het opgemerk dat Amerikaners binnekort "sal agterkom dat dit teoreties moontlik is vir die Verenigde State om 'n zero koers van werkloosheid te hê deurdat die werkloses bloot ophou om werk te soek. 'n Persoon kan deur die Buro vir Arbeidstatistiek as werkloos geklassifiseer word, indien hy aanhou werk soek". Vollmer merk op dat tussen 2000 en 2015, 11,6 miljoen mense die arbeidsmag betree het terwyl 26 miljoen vrywillig uitgeval het – sommige mense om op onwettige wyse 'n bestaan te maak en sommige mense om selfs op hulle gesinne te teer (*"Since Year 2000, 26 Million Able-Bodied Americans Voluntarily Dropped Out of the U.S. Labor Force," LinkedIn.com*, 1 Desember 2015).

Die *Brookings Institution berig:* "Die aantal mans wat nog volgens hulle ouderdom geskik is om te werk of werk te soek is al vir 'n halwe eeu lank besig is om te daal" (*"Men not at work: Why so many men aged 25 to 54 are not working," Brookings.edu*, 15 Augustus 2016). Hierdie verslag is in 2016 gepubliseer – lánk voor COVID-19 en die situasie het sedertdien ernstiger afmetings aangeneem as gevolg van verskeie COVID-verwante redes. Ons kan Maynard G. Krebs beswaarlik blameer vir al die liggaamlik gesonde mans wat vrywillig uit die arbeidsmag uitgetree het, maar te veel mense

wat nog nooit van hom gehoor het nie, het sý houding wat werk aanbetref gekies.

Volgens *Brookings.edu*, is daar "ongeveer 7 miljoen Amerikaanse mans tussen die ouderdomme van 25 en 54 waarvan die meeste te oud is om op skool te wees en ander is weer te jonk om af te tree, wat nie werk of nie eers werk soek nie. Baie van laasgenoemde mans is nog in die fleur van hulle lewe en soek nie werk nie, alhoewel hulle heeltemal in staat is om te werk. Dit kom neer op 12% van alle mans in daardie prima werkende ouderdomme – dit sluit nie die 2 miljoen in wat werk soek maar dit nog nie gekry het nie". Dieselfde bron verduidelik dat 'n groot aantal van diegene wat nie werk soek nie, uit 'n agtergrond kom van lae-inkomste en swak opgelei is. Te veel van hulle het opgegee om werk te soek weens 'n gebrek aan vereiste kwalifikasies.

Dit is egter nog lank nie uitsluitlik nét 'n Amerikaanse probleem nie. Kanada, Australië, Brittanje en Duitsland het soortgelyke tekorte aan arbeiders. In Frankryk word onluste aangehits as gevolg van die regering se pogings om die aftree-ouderdom van 62 na 64 te verhoog om die regering se las van pensioene te verlig. Selfs in China is gesindhede besig om te verander. Hierdie *NPR*-opskrif (*National Public Radio)* van Junie 2022 som dit op: "Harde werk is 'n kwessie van trots in China. 'n Kultuur van laksheid is egter nou aan die orde van die dag".

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik –**
**Waar is al die werkers heen?**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**
**Die merk van die dier:**
**'n Slim vervalsing** 3
*Baie mense het gehoor van die merk van die dier en daar is baie bespiegelings oor wat dit is. Hoe kan ons verseker weet?*

**O Kanada!**
**'n Onfeilbare fondament** 8

**Opoffering en vreugde** 10

**Sal u die dood aanbid?** 11
*Miljoene mense vier Halloween, die Allerheiligedag, Allersieledag en die Dag van die Dode. Wat behoort dit te beteken vir Christene?*

**"Haat jou naaste"** 15
*Waarom is ons beskawing besig om al hoe meer onbeskaafd te raak – oorheers deur 'n kultuur van haatdraendheid en minagting vir mekaar.*

**Merke van berou** 20
*Die Woord van God gee 'n duidelike verduideliking in verband met tatoeëering wat ons behoort te laat dink voordat ons dit doen.*

**U kind se "krimpvarkie"** 24
*Werklike groot besighede is georganiseerd volgens 'n konsep wat ons kan help om vas te stel waarin ons kinders mag uitblink.*

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Die merk van die dier: 'n Slim vervalsing

Deur Gerald E. Weston

Baie mense het gehoor van die merk van die dier en daar is baie bespiegelings oor wat dit is. Hoe kan ons verseker weet?

Baie mense het al gehoor van die merk van die dier en bespiegelings is volop wat dit betref. Sommige mense in die Verenigde State het op 'n stadium gedink dat die sosiale sekuriteitsnommer daardie merk is en ander mense het gedink die merk kan die Kanadese sosiale sekuriteitsnommer wees, met sy akroniem "S.I.N." Die strepieskode en die meer onlangse vinnige reaksie (QR)-kode ['n rangskikking van swart vierkante of "pixels" in 'n vierkant wat data stoor vir 'n masjien om dit te lees] het ook onder dié beskuldiging deurgeloop. Al hierdie dinge hou verband met koop en verkoop of om 'n werk te behou, maar nie een daarvan is die merk van die dier wat in die boek Openbaring openbaar word nie.

Daar word ook bespiegel oor rekenaarskyfies wat in die hand of die voorkop ingeplant word. Verseker, ingeplante skyfies word gebruik om honde en katte op te spoor wanneer hulle wegraak – selfs vir menslike identifikasie – maar rekenaarskyfies is *nie* daardie merk nie. Hoe kan ons verseker weet?

In hierdie artikel sal ek bespreek wát daardie geheimsinnige merk is, maar ek sal ook 'n heel ander merk bespreek – die merk of teken van God, want dit is deur hierdie God-bepaalde merk dat ons die begrip van die merk van die dier sal verstaan.

Die volledige onderwerp van die dier se merk sou onbekend gewees het indien dit nie vir die boek Openbaring was nie; dit is dus die Bybel sélf wat lig hierop moet werp. Die fundamentele punt om hierdie merk te kán verstaan, is wát dit genoem word: Die merk *van die dier*. Dit is die *dier* se merk! Enige merk wat nie voortspruit uit die dier nie – wat of wie ookal die dier is – kan nie sy merk wees nie. Daarom, tensy die V.S., Kanada of enige ander land dus die dier is, kan hulle sosiale sekuriteits- of sosiale versekeringsnommers nie daardie merk wees nie. Die skyfies wat in 'n mens se hand of voorkop ingeplant kan word, kan ook nie daardie merk wees nie, tensy dit afkomstig is van en afgedwing word deur die dier.

Dus, wié of wát is hierdie dier en sy merk?

Die soektog begin in die tweede hoofstuk van die Ou Testamentiese boek Daniël. Daar lees ons dat God aan die profeet Daniël die betekenis van die antieke Babiloniese koning Nebukadnésar se bekende droom geopenbaar het. In hierdie droom het Nebukadnésar die beeld gesien van 'n man met 'n kop van goud, bors en arms van silwer, maag en dye van brons en bene van yster. Wat besonder belangrik is, is dat die beeld se voete en tone 'n mengsel van yster en klei was.

Daniël het aan die koning verduidelik dat hierdie figuur van 'n man, vier koninkryke verteenwoordig. Die kop van goud was Nebukadnésar se Chaldese ryk. Die geskiedenis toon dat die drie ryke wat gevolg het, die Medo-Persiese, Grieks-Macedóniese en Romeinse ryke was. Al hierdie ryke sou uit die Midde-Ooste en die Mediterreense wêreld te voorskyn kom.

Wat het dit dus met u, met my óf die merk van die dier te doen? *Alles* – maar waarom?

Daniël se profesie dek die tyd vanaf Nebukadnésar regdeur die geskiedenis tot die Wederkoms van die Verlosser, Jesus Christus en die vestiging van Sy Koninkryk hier op die planeet Aarde:

> "Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk

oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan – net soos u gesien het dat sonder toedoen van *mense*hande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur" (Daniël 2:44-45).

Die klip wat sonder mensehande uit die berg losgeraak het – met ander woorde, op 'n bonatuurlike wyse – is duidelik 'n verwysing na die Wederkoms van die Messías terwyl Hy 'n toekomstige, ewigdurende Koninkryk vestig. Ons sien dus dat Christus terugkeer en die mensdom se ryke vernietig deur hierdie groot beeld se voete en tone te verbrysel (vers 34).

Geskiedskrywers meld dat die Romeinse Ryk in 476 n.C. tot 'n einde gekom het, maar Christus het nie teruggekeer nie en ook nie gedurende daardie tyd 'n wêreldregerende koninkryk ingestel nie. Ons moet onsself dus afvra of hierdie profesie gefaal het? Is daar dalk meer aan verbonde? Die sleutel word gevind wanneer ons die bene van yster van hierdie vierde koninkryk met sy eienaardige voete en tone wat uit yster en klei bestaan, van naderby beskou.

"En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was – dit sal 'n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het. En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is – 'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees. Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het – hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aan mekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie" (Daniël 2:41-43).

Dit is duidelik dat die voete en tone van die beeld die ryk verteenwoordig wat tydens Christus se Wederkoms sal bestaan. Hoe kan dit egter wees aangesien Rome meer as 1,500 jaar tevore tot 'n val gekom het?

**Vier diere**

Die sewende hoofstuk van Daniël brei verder uit op hierdie vier wêreldryke deur hulle as vier wilde diere te beskryf. Die eerste dier word beskryf as 'n leeu met arendsvlerke, die tweede dier soos 'n beer, die derde een soos 'n vierkoppige luiperd en die vierde dier word beskryf as "vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad" (Daniël 7:7).

Hierdie vier konings of koninkryke (Daniel 7:17, 23), verrys op uit die Middellandse see met die vierde koninkryk wat, soos die standbeeld in Daniël 2, eindig wanneer Christus terugkeer om 'n ewige Koninkryk te vestig. "Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die [vierde dier se] heerskappy ontneem om dit vir goed te verdelg en te vernietig. Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees" (verse 26–27).

Wanneer dit aandagtig gelees word, dui dit daarop dat dit nutteloos is om op ons eie oor hierdie simbole te spekuleer, aangesien God die simbole wat Hy in die Skrif gebruik, Sélf verduidelik. Die beeld in Nebukadnésar se droom word verduidelik as vier koninkryke, wat begin met Nebukadnésar se ryk. Ons word meegedeel dat die vier diere van Daniël 7, vier konings of koninkryke verteenwoordig en dat die vierde ryk eindig wanneer God se Koninkryk gevestig word. Hierdie diere verteenwoordig dus duidelik dieselfde vier koninkryke as dié wat in Daniël 2 genoem was.

**Die samestelling van die dier**

Met verloop van tyd openbaar God meer besonderhede oor hierdie koninkryke. Ons lees nou van 'n ander dier wat in Openbaring 13 gevind word. Ons vind dieselfde kenmerke wat in Daniël 7 gesien word maar nou is almal gekombineer in 'n enkele kreatuur. Dit is omdat Johannes die visioene opgeteken het soos wat aan hom gegee is in die laat 90's n.C. – gedurende die tyd van die Romeinse Ryk. Die eerste drie koninkryke het elkeen tot 'n val gekom en is uiteindelik in Rome opgeneem.

> "En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering. En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos dié van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag" (Openbaring 13:1-2).

Wanneer ons hierdie gedeeltes vandag lees weet ons Rome het reeds meer as 1,500 jaar gelede tot 'n val gekom. Hoe kan dit dus bestaan tydens Christus se Wederkoms? Let daarop dat hierdie dier sewe koppe het. Vergelyk dit met Daniël 7 en u sal dieselfde aantal koppe sien wanneer u al vier wesens tel. Openbaring 13:3 verduidelik dat een van die koppe 'n dodelike wond gehad het maar wat genees het. Aangesien die eerste drie diere in Rome opgeneem is – wat hierdie dier 'n samestelling van die vier maak – is die enigste kop wat genees kon word dié van Rome, presies soos ons dit in die geskiedenis vind.

Die Romeinse Ryk het in 476 n.C. tot 'n val gekom, maar in 554 n.C. is dit deur Justinianus, in samewerking met die Rooms-Katolieke kerk herstel – sogenaamd "genees". Ons moet na Openbaring 17 gaan om te verstaan wat volgende gebeur het, waar die "herstelde" Romeinse Ryk voortduur. Daar vind ons nog 'n dier met sewe koppe, maar eers ná die genesing van sy gewonde kop. Daar is egter een betekenisvolle verskil tussen hierdie dier met sewe koppe en die een waarvan ons in Openbaring 13 lees: Hierdie dier word deur 'n vrou gery.

> "En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery. En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings" (Openbaring 17:1-3).

In die Bybel word 'n vrou somtyds as 'n simbool van 'n kerk gebruik (Efésiërs 5:31-32; Openbaring 19:6-9). Hier sien ons 'n gevalle vrou, 'n *afvallige* kerk – 'n moederkerk met hoerdogter (17:1, 5). Hierdie herstelde Romeinse Ryk met sewe koppe word gery deur 'n afvallige godsdiensstelsel. Verder leer ons dat dit ná sy genesing vir "twee-en-veertig maande" sou voortduur (Openbaring 13:5). Let daarop dat die Skrif gewoonlik die "dag vir 'n jaar"-beginsel gebruik (Jesaja 34:8; Eségiël 4:6). Wanneer ons in ag neem dat 'n Bybelse profetiese maand 30 dae is, gee 42 maande van daardie dae vir ons 1,260 dae of jare, afhangend van die konteks van die gedeelte.

Die geskiedenis openbaar dat die Romeinse Ryk, wat nou deur 'n afvallige kerk beheer word, deur Justinianus in 554 n.C. herstel is. Hierdie ryk het tot 'n val gekom en het nóg vier keer herleef. Die tweede herlewing het in 800 n.C. plaasgevind op "Kersdag toe Karel [Charlemagne] die Grote [Koning van die Franke], met die mantel en sandale van 'n *patricius Romanus* ['n Romeinse edelman], voor die altaar van Petrus in gebed gekniel het. [Pous] Leo het toe skielik 'n kroon, versier met edelgesteentes, te voorskyn gebring en dit op die koning se kop geplaas" (Will Durant, *The Age of Faith*, 1950, bladsy 469).

Ná Karel die Grote het die Ryk weer agteruit gegaan, maar

het 'n derde keer onder Otto I die Grote, herleef. "Soos Karel die Grote het Otto sy troon bestyg deur die pouslike verklaring dat die Roomse Kerk sedert die vroeë vierde eeu die enigste keiserlik-verkose was ... Die Heilige Romeinse Ryk was dus tot 'n groot mate Duits wat betref sy etniese en politieke basis, Christelik in sy morele regverdiging en Rooms in sy aanspraak op wettigheid en universaliteit" (*The Holy Roman Empire in the Middle Ages*, ed. Herzstein, 1966, bl. viii).

Karel die Grote en Napoleon was verantwoordelik vir die vierde en vyfde herlewings. Vanaf die genesing van die Ryk onder Justinianus in 554 n.C. tot en met die val van Napoleon in 1814, is dit presies 1,260 jaar soos dit voorspel is (Openbaring 13:3, 5).

**Die dier se merk**

Soos aan die begin van hierdie artikel genoem, daar is groot belangstelling en 'n menigte interpretasies met betrekking tot die "merk van die dier" en "die getal van sy naam" wat 666 is. Die belangrikste maatstaf vir hierdie merk soos uitgelig is dat dit "van die dier" is. Die rede vir die lang relaas om te verduidelik wie of wat die dier is, is dat indien 'n merk nie van die dier is nie, is dit nie die merk van die dier nie! Dit is presies só eenvoudig – tog raak mense opgewonde oor elke nuwe uitvinding wat gekoop en verkoop kan word. Waarskynlik was die mees onlangse "kandidaat" die COVID-19-entstof. Wat enigiemand ook al mag dink oor die wysheid en veiligheid van die entstof, dit is *nie* die merk van die dier nie.

Wat weet ons dus van hierdie geheimsinnige merk? Ons moet in die boek Openbaring kyk om daardie vraag te beantwoord, want dit is waar dit bekendgestel word. Eerstens moet ons egter oplet dat hierdie vrou wat op die dier ry, as 'n aparte dier genoem word in Openbaring 13. Na die bekendstelling van wat ons nou gesien het die Romeinse Ryk is, lees ons in die verse aan die begin van die hoofstuk:

> "EN uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak ... Hy doen ook groot tekens, sodat Hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het" (Openbaring 13:11-14).

Ja, hierdie dier lýk soos Christus – soos 'n lam – maar praat soos die duiwel – 'n draak (Openbaring 12:9). Dit behoort ons nie te verbaas nie, aangesien die apostel Paulus waarsku dat Satan dienaars het wat hulle as dienaars van Christus voordoen (2 Korinthiërs 11:13-14). Hierdie tweede dier – dieselfde as die hoer van hoofstuk 17 – is duidelik 'n godsdienstige stelsel wat valse wonderwerke verrig in samewerking met die Romeinse stelsel.

Dit bring ons by die deurslaggewende verse aangaande die dier se merk: "En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het" (Openbaring 13:16-17).

**God se teken van sy volk**

Wat die dier se merk ook al is, dit is 'n teken van ongehoorsaamheid. Dit kan nie bloot 'n rekenaarskyfie of strepieskode wees nie. Dit is in die eerste plek die *dier* se merk. Ons lees ook dat God se toorn oor die ongehoorsames kom (Romeine 1:18; Kolossense 3:5-6) en dit is op diegene wat die merk aanneem dat Sy toorn val (Openbaring 16:2).

Die duiwel is 'n groot bedrieër (2 Korinthiërs 11:3-4, 13-15). Hy het die teken vervals wat God aan Sy volk gegee het, sodat Satan se mense aan sy merk uitgeken word. Watter teken gebruik God dan om Sy mense te identifiseer?

God het 'n verbond met Israel gesluit waardeur Hy die sewendedag Sabbat as 'n teken tussen Hom en Sy volk verklaar het (Exodus 31:12-17). Sommige mense redeneer

verkeerdelik dat Jesus die Sabbat na die eerste dag van die week verander het, maar die Bybel en vroeë Kerkgeskiedenis toon dat Jesus, die Apostels en die eerste-eeuse Kerk van God, voortgegaan het om die dag te onderhou wat God duisende jaar gelede opsygesit het – nog voordat Moses gebore is. Dit was die Romeinse keiser Konstantyn wat in 321 n.C. "die eerbiedwaardige dag van die son" tot heilige tyd verklaar het (Philip Schaff, *History of the Christian Church: Vol. II: From Constantine the Great to Gregory the Great A.D. 311-600*, 1867, bl. 380).

God het verder aan antieke Israel bekend gemaak dat die Fees van Ongesuurde Brode – een van sewe jaarlikse feeste wat Hy aan die mensdom gegee het en wat Jesus en die vroeë Kerk onderhou het (1 Korinthiërs 5:7-8). "En dit moet vir jou as 'n teken wees op jou hand en 'n gedenkteken tussen jou oë, sodat die wet van die HERE in jou mond mag wees" (Exodus 13:9, 16).

Net soos die merk van die dier op 'n persoon se voorkop en op 'n persoon se hand is, so is God se Heilige Dae ook op die voorkop en op die hand van 'n persoon. Die voorkop simboliseer hoe ons dink en die hand simboliseer ons optrede. Ons behoort te verstaan dat geen simboliese teken letterlik op die hand of voorkop gestempel word nie.

Daniël 7 praat ook van hierdie afvallige godsdiensstelsel (verse 19-21). "En hy ['naamlik hierdie horing ... wat groot dinge gespreek het, terwyl sy gestalte groter was as van die ander', dit wil sê, die vrou wat op die dier ry] sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander" (vers 25).

Baie mense verwar die merk van die dier met die potensiële metodes van om dit af te dwing. Keiser Konstantyn het die merk op sy onderdane afgedwing en enigeen wat dit geweier het, het 'n duur prys betaal. Hoofstroom "Christendom" gaan voort om dit af te dwing – soms gewelddadiger as in ander tye. Dink byvoorbeeld aan die sogenaamde "blou wette", wat besighede gedwing het om op Sondae te sluit.

Wat duidelik is, is dat hierdie merk wat 'n poging was om tye en wette te verander, wéér afgedwing sal word. Die metode om dit af te dwing mag dalk 'n oogskandering, tegnologiese gesig-identifikasie of 'n ander bepaler van identiteit wees, maar die metode om Satan se merk van ongehoorsaamheid aan God se Wette *af te dwing*, is *nie* die merk self nie.

**Moenie die tien tone vergeet nie**

Daniël 2 en 7, asook Openbaring 13 en 17, toon 'n opeenvolging van vier groot ryke vanaf Nebukadnésar tot by die Wederkoms van Christus. Ons lees in Openbaring 17: "Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit [Rome is geleë op sewe heuwels]. En hulle is sewe konings: vyf het geval ["herlewings" van die ou Ryk tussen 554 tot 1814 n.C.] en een is; [die Spilmoondhede onder Hitler en Mussolini] die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly" (verse 9-10). Die een wat kom is nog in ons toekoms.

> "En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou" (verse 12-14).

Hierdie konings, leiers of nasies, sal in die hedendaagse Europa te voorskyn kom. Hulle sal gesamentlik militêr en ekonomies so sterk soos yster wees. Soos ons egter uit Nebukadnésar se droom afgelei het, sal hierdie kortstondige, tien-tonige eenwording nie suksesvol wees nie – net soos yster en klei nie kan meng nie.

Wanneer hierdie finale herstel van die Romeinse Ryk plaasvind, sal dit weereens, saam met die groot afvallige kerk, Konstantyn se edik van 321 n.C. van rus op "die eerbied-

*Vervolg op bladsy 14*

# O Kanada! 'n Onfeilbare fondament

Deur Gary Molnar

**Tydens die skepping van die planeet Aarde het God** die land en water van mekaar geskei en 'n duidelike onderskeid tussen die twee gemaak. Alhoewel mense geleer het hoe om bote te bou om die waters te deurkruis, kies die meeste van die aarde se bewoners om op land te woon. Nie alle water op aarde is dieselfde nie – daar is vars sowel as sout water – alle grond op aarde is ook nie dieselfde nie.

God het Kanada geseën met 'n groot verskeidenheid grond – reënwoude, woestyne, berge, heuwels, valleie en vlaktes. Hy het daardie verskeidenheid doelbewus en met 'n rede geskep. Antieke Israel se koning Dawid het in verwondering uitgeroep: "Hoe talryk is u werke, o HERE! U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u skepsele!" (Psalm 104:24). God het Moses geïnspireer om op te teken: "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed" (Génesis 1:31). Kanada is 'n land met 'n merkwaardige verskeidenheid wat betref sy klimaat, terrein, flora en fauna. Daardie diversiteit bring uitdagings mee maar ook groot seëninge en het die wyse waarop Kanadese oor hulle land versprei het gevorm en 'n grondslag vir voorspoed en groei gevestig.

**Groot land – klein bevolking**

Kanada is die tweede grootste land ter wêreld wat betref die totale land- en wateroppervlakte – 9,985 miljoen vierkante kilometer. Slegs op grondgebied is dit die vierde grootste land, met 9,094 miljoen vierkante kilometer. Daar bestaan geen twyfel nie – Kanada is groot!

Kanada is nogtans nie so groot vanuit 'n bevolkingsperspektief nie. Tans beklee dit die 38ste posisie volgens *WorldPopulationReview.com*, met ongeveer 39 miljoen mense. Die bevolkingsdigtheid van Kanada is – met behulp van eenvoudige berekenings – ongeveer vier mense per vierkante kilometer, een van die laagste ter wêreld. Hierdie berekening neem egter nie die feit in ag dat byna die helfte van die bevolking van Kanada in 'n gebied van 230,000 vierkante kilometer woon nie. (Dit is die *Quebec City-Windsor-Corridor*, 'n skamele 2,5 persent van Kanada se totale oppervlakte, waar die bevolkingsdigtheid 82 mense per vierkante kilometer is.)

Waarom het so 'n groot land met 'n relatief klein bevolking soveel burgers wat saam gebondel is? Die antwoord is nie dat dit nodig is vir Kanadese om saam te bondel om warm te bly nie, al is dele van Kanada inderdaad koud gedurende sekere tye van die jaar en sommige dele is dwarsdeur die jaar koud. Aangesien die hoofrede nie die temperatuur is nie, is dit 'n element van geografie. Veral een geografiese kenmerk in besonder is die rede vir die grootste deel van Kanada se eienaardige bevolkingsverspreiding en baie van sy rykdom.

**'n Rotsagtige plaat**

Oos van die wye oop grasvlaktes van sentraal-Kanada, begin daar 'n merkbare verandering in die terrein naby die oostelike rand van Manitoba sigbaar word. Daar vind 'n mens nie meer grasvelde met bewerkte landerye en klein boerderygemeenskappe nie. Die land raak woes en klipperig met minder plantegroei. Welkom by die pragtige en ruwe Laurentiese plato – 'n sigbare deel van die aardkors en die wêreld se grootste massa blootgestelde Prekambriese rots. [Rotse gevorm aan die begin van die aarde, miljoene jare gelede.]

Die Laurentiese plato is 'n gebied van agt miljoen vierkante kilometer van gestolde lawaklip en metamorfe gesteentes wat die kern van die vasteland van Noord-Amerika vorm. Dit beslaan vyf miljoen vierkante kilometer van Kanada se grondgebied –

50 persent van die land. Vanaf Labrador in die ooste strek dit weswaarts oor Kanada om die grootste deel van Quebec, 'n groot deel van Ontario en Manitoba, die noordelike derde van Saskatchewan, die noordoostelike punt van Alberta, die oostelike helfte van die noordwes-gebiede en die grootste deel van Nunavut in te sluit. Aangesien die meeste van die Laurentiese plato binne Kanadese grondgebied geleë is, is dit verstaanbaar dat daarna verwys word as die Kanadese Skild.

**Nedersetting bemoeilik**

Vrugbare grond op 'n relatiewe gelyke grondoppervlak is noodsaaklik vir die vestiging van 'n basis vir landbou om 'n hoë bevolkingsdigtheid te onderhou. Die grootste deel van planeet Aarde se grondoppervlakte word bedek deur 'n laag grond wat in diepte wissel van 'n paar sentimeter tot 'n paar meters. Die grond oor baie van die Kanadese Skild is aan die heel laagste punt van daardie reeks en die grond wat wel daar is is dikwels klipperig, dreinering is swak en nie baie vrugbaar nie. Verder is die land vol rotsagtige riwwe en heuwels van soliede rots – die verslete oorblyfsels van antieke berge. Die Kanadese Skild bevat min bewerkbare grond wat geskik is vir landbou of lewende hawe.

Die produktiwiteit van landbouprodukte in die Kanadese Skild is karig, maar dit is nie die enigste rede vir die yl bevolking van hierdie streek van Kanada nie. Graniet wat een van die hardste stowwe is, is oorwegend die rots wat die Kanadese Skild vorm. Graniet mag wonderlike kombuis werksoppervlaktes maak, maar dit kan uiters moeilik wees om daarop te bou. Om enige beduidende gat of sloot in die Kanadese Skild te grawe, vereis die gebruik van plofstowwe. Huise, paaie, rioolaanlegte en ander belangrike infrastrukture wat nodig is om groot bevolkings te onderhou, is duur en konstruksie en onderhoud is uitdagend – wanneer met so 'n harde materiaal gewerk word.

**Wonderlike hulpbronne**

Terwyl die area van die Kanadese Skild nie geskik is vir grootskaalse landbou nie en dit moeilik is om daarop te bou, is dit nie heeltemal onvrugbaar nie. Die ysgrond is vlak en as gevolg daarvan is plantegroei in die noordelike gedeelte van die Kanadese Skild minimaal en enige bome wat wel slaag om daar te groei, word vanselfsprekend vertraag. In die sentrale en suidelike gedeeltes vind ons egter uitgestrekte boreas woude, die dominante ekosisteem van die Kanadese Skild. Konifere en bladwisselende bome is volop – denne, Kanadese spar, sederhout, wildekerwel, trilpopulier, berkeboom, asboom en esseboom – 'n ware skatkis van sagte- en hardehoutbome.

Die Kanadese Skild bevat ook 'n magdom minerale erts soos goud, silwer, nikkel, koper, asbes, sink, yster, uraan, kobalt, palladium en – wat meer onlangs ontdek is – diamante. Kommersiële mynbedrywighede het in die negentiende eeu begin en het grootliks bygedra tot Kanada se ekonomiese ontwikkeling. Kanada se mineraalproduksie is in 2021 op $55,5 miljard gewaardeer, hoofsaaklik afkomstig van die Kanadese Skild. Die produksie van goud alleen was 223 ton, ter waarde van $13,7 miljard, wat Kanada die vierde grootste wêreldwye produsent van daardie edelmetaal maak (*"Gold Facts," Government of Canada*, *Natural-Resources.Canada.ca*, 17 Februarie 2023).

Daar is nog 'n natuurlike bron van die Kanadese Skild wat heel waarskynlik waardevoller is as hout of minerale. Die Kanadese Skild is 'n stoorplek van vars water. Duisende mere, groot en klein, word binne die gebied van die Kanadese Skild gevind. Hierdie mere bied 'n habitat vir visse asook drinkwater vir mense en natuurlewe, gebiede vir ontspanning en geleenthede om hidro-elektriese energie te produseer.

**Stewig en veilig**

Slegs sowat 10 persent van Kanada se bevolking woon op die Kanadese Skild, aangesien hierdie groot rotsplaat wat die helfte van die land omring nie ideaal is vir menslike nedersetting nie. Hoewel die Kanadese Skild dalk nie die beste plek vir 'n plaas of 'n stad is nie, is dit geensins leeg en onvrugbaar nie. Dit bevat groot voorrade van 'n ongelooflike verskeidenheid natuurlike hulpbronne en is die

*Vervolg op bladsy 26*

# Opoffering en vreugde

## Deur Johnathan Bueno

**Een ding lei tot 'n ander.**

My eerste taak as 'n kampberader was by 'n Lewende Kerk van God se voor-tiener kamp, en dit het my diep laat nadink. Terwyl ek na my huis gery het, het ek die gebeure van die vorige week oordink – al die gelag en aangename samesyn, die prettige en soms uitdagende aktiwiteite, die opgehelderde gesigte van die kinders en soveel meer. Dit was onvergeetlik.

Wat my die meeste beïndruk het, was die vreugde wat ek ervaar het om as berader te dien. Sommige mense mag dalk vra: "Waarom?" Om 'n berader te wees is 'n uitdagende taak, wat baie persoonlike opoffering verg. Elke dag was ek een van die eerstes om op te staan en een van die laastes wat gaan slaap het. Agt ure se slaap was nie 'n opsie nie. By tye was ek fisies en selfs geestelik uitgeput.

Teen die einde van die kamp het ek besef dat my geduld 'n bietjie afgeneem het, dus het ek my bes gedoen om positief te bly en my aandag op die kampeerders te vestig: "Moenie met daardie dooie skilpad speel nie!" "Waar het jy jou handdoek neergesit?" "Geen gestoei op die boonste stapelbed nie!" Ten spyte van dit alles was die eindresultaat meer as die moeite werd: Om te sien hoe my kampeerders 'n goeie tyd het, uitdagings om ou vaardighede te verbeter en nuwes aan te leer, om dinge op die regte manier te doen – met 'n bietjie aansporing – om positiewe resultate te lewer. Die hele ervaring was baie verrykend.

Terwyl ek nagedink het oor my ervarings – veral hoeveel opoffering vereis word van 'n kampberader en waarom sommige mense kies om jaar na jaar beraders te wees ten spyte van die harde werk – het dit teenstrydig voorgekom. Op 'n menslike, fisiese vlak lyk dit onsinnig om soveel van 'n mens se tyd en energie te gee sonder enige tasbare opbrengs.

Is kampberaders inherent dwaas, of verstaan hulle bloot die vreugde van gewillige diens en opoffering?

### Omdat Hy ons eerste liefgehad het

Met hierdie gedagte het my fokus heeltemal verander. Ek het begin dink aan al die opofferings wat God vir ons, Sy kinders, gemaak het. Ek het gedink aan die heel grootste offer, dié van ons Here en Verlosser Jesus Christus en hoeveel liefde God werklik vir ons gehad het om Sy Seun te stuur om vir ons sondes te sterf.

Ek het gedink aan die vreugde wat ek gevoel het toe ek sien hoe die kampeerders op die regte manier pret het. Ek het gedink aan die vreugde wat God moet voel wanneer Hy sien hoe ons oorvloedig leef, soos wat Hy dit altyd bedoel het (Johannes 10:10). Dit is 'n raaisel vir die wêreld, maar nie vir God se mense nie. Soos die apostel Johannes geskryf het: "Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel" (3 Johannes 4).

Moontlik was die grootste beloning van die kamp vir my toe ek 'n onverwagse boodskap van "dankie" van een van die kampeerders op my foon gekry het. Hy het my opreg bedank dat ek sy "afrigter" was en verskeie ander dinge genoem waarvoor hy dankbaar was. Sy eenvoudige "dankie" was vir my meer as genoeg.

Hoe bly moet God tog wees wanneer Hy sien dat ons 'n lewenswyse leef wat seëninge voortbring en wanneer ons vir Hom dankie sê vir alles wat Hy vir ons doen. Ek het 'n gesegde onthou oor hoe graag God wil hê ons moet suksesvol wees: "God is ons grootste Aanmoediger". Amen daarop!

Het u die seëninge getel wat God persoonlik aan u gee, veral Sy aanbod van genade deur ons bekering, doop en gehoorsame aanvaarding van Christus se offer? Ek wil u aanmoedig om dit te doen en om aan God se vreugde te dink wanneer ons Hom dank en Hom gehoorsaam.

Nie almal het dalk die geleentheid om as 'n berader of 'n mentor vir jongmense te dien nie. Nietemin is ons almal bedoel om in een of ander hoedanigheid te dien – om ons tyd en energie op te offer om mekaar te help. Hierdie gee manier van leef is 'n raaisel vir baie mense van die wêreld. Dit is egter 'n lewenswyse wat werk en dit bring groot vreugde!

Wanneer u ook al in staat is om dit te doen, neem tyd om die lewens van diegene rondom u, jonk of oud, te versterk. U sal uself op die ou end bedank. WvM

# Sal u die dood aanbid?

## Deur Rod Mc Nair

Vanjaar sal miljoene mense regoor die wêreld – met koddige maskers en kostuums, skrikwekkende beelde van monsters uit rolprente, suiker-skedels en uitgeholde pampoene, grafoffers vir die dooies – Halloween, Allerheiligedag, Allersieledag en die Dag van die dode vier. Sal u dit doen?

Deesdae weet die meeste mense dat die moderne Halloween-feesvierings sy oorsprong het in antieke tradisies wat nog uit tye vóór Jesus Christus dateer – hulle het egter geen gewetens-besware daarteen om deel te neem aan 'n dag wat baie sterk op morbiede voor-Christelike bygelowe gebaseer is nie. Wat behoort dit vandag vir ware Christene te beteken?

Wat het die antieke Halloween-vierings behels? "Die twee hoofkenmerke van antieke Allerheiligeaand was om vreugdevure aan te steek en daarin geglo het dat dié nag van alle nagte in die jaar die een is waartydens geeste en hekse heel waarskynlik buite sal ronddwaal ... Dit was ook 'n Druïdiese oortuiging dat Saman, heer van die dood, op die vooraand van hierdie fees die goddelose siele bymekaar-geroep het wat gedurende die afgelope twaalf maande veroordeel was om in die liggame van diere te woon" *"Halloween," Encyclopædia Britannica.*, 11de uitgawe, volume 12, bll. 857-858).

Hoe is dit dan dat belydende Christene, antieke Druïdiese gebruike begin volg het? In 610 n.C. het Pous Bonifatius die *Feast of All Holy Martyrs* ingestel, wat jaarliks op 13 Mei gehou was. In 835 het Pous Gregorius IV die viering oorgedra na 1 November – 'n datum wat hy as "Allersieledag" aangewys het ter ere van Katolieke geloofsmartelare. Watter aktiwiteite word met daardie dag geassosieer? Selfs vandag, in sommige Katolieke lande, is 'n gewilde volks-tradisie dat mense se ontslape geliefdes jaarliks op hierdie dag, ook bekend as die "Dag van die dood" na hulle vorige tuistes terugkeer. *The National*-koerant het 'n tradisie van die Filippyne beskryf, waar "duisende geregte liefdevol voorberei word vir mense wat dit nie kan eet nie. Elke jaar op 1 November, op Allerheiligedag, word begraafplase regdeur die land oorval met mense wat die gunstelingkos van hulle afgestorwe geliefdes aandra" *TheNationalNews.com*, 1 November 2020).

Die 2 November-fees wat bekend staan as "Allersieledag" is "gebaseer op die (Rooms-Katolieke) lering dat die siele van die getroues wat ten tye van hulle dood nie gereinig is van hulle daaglikse sondes nie óf nie versoening gedoen het vir vorige oortredings nie, nie die saligverklaring kan bereik nie en dat hulle gehelp mag word om dit te verkry deur gebed en deur die bediening van die mis" ("*All Souls Day,*" *Encyclopædia Britannica*, 11de uitgawe volume 1, bl. 709). Dit is veronderstel om 'n proses te wees waardeur diegene wat leef, seremonies kan uitvoer om op een of ander manier die toestand van die oorledene te verbeter.

Al hierdie "feeste van die dooies" is gebaseer op dieselfde algemene tema – om met die dooies te kommunikeer, gerus te stel, te dien en selfs te aanbid. Is sulke gebruike op die Bybel gebaseer? Behoort Christene dit vandag te vier? Wat sê *God* hiervan?

**Waar is die dooies nou?**

Baie antieke godsdienstige tradisies is van mening dat die dooies iewers anders as in die graf is. Baie mense *neem aan* dat die afgestorwe dooies in die hemel, in die hel óf in 'n soort intermediêre bewuste toestand is. Die Bybel sê tog duidelik vir ons waar die dooies *werklik* is.

Let op wat die apostel Petrus op Pinksterdag gesê het: "Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe ... Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie" (Handelinge 2:29, 34).

Koning Dawid *het nie na die hemel opgevaar* nie. Die apostel Petrus, het eeue na Dawid se dood bevestig dat Dawid steeds in sy graf is waarin hy na sy dood geplaas is en op die opstanding wag. Wat 'n kontras is Petrus se woorde

met betrekking tot hierdie verkeerde oortuiging wat so algemeen is onder deesdae se belydende Christene nie – naamlik dat die heiliges op die oomblik vanuit die hemel na ons afkyk!

Wat is die dooies dan besig om te doen? Die antwoord is nie geheimsinnig of spookagtig nie. Die dooies "slaap" eenvoudig in hulle grafte – sonder enige bewustheid en wag om tot opstanding geroep te word. Wat sal gebeur wanneer Christene uit die dood opgewek word? Die apostel Paulus verduidelik: "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde" (1 Thessalonicense 4:16-18).

Dit is geweldig bemoedigend indien ons die waarheid oor die dood en opstanding verstaan soos dit in die Bybel geleer word. Ons hoef ons nie te bekommer of onsself te verwar met die vreesaanjaende bygelowe wat deur die "feeste van die dood" opgedis word nie.

**Kommunikeer met dooie mense?**

Indien die dooies sonder enige bewussyn in die graf is – nie op en wakker as liggaamlose geeste in die hemel of elders nie, kan ons dan met hulle kommunikeer? Keer afgestorwe familielede wérklik terug na hulle lewende familielede op die "dag van die dood", soos wat sommige mense glo? Wat sê die Bybel?

Salomo verduidelik dat "die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie" (Prediker 9:5). Die regverdige koning Dawid het uitgeroep om uit gevaar gered te word en toe het hy God daaraan herinner: "Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?" (Psalm 6:6). Salomo en Dawid het albei verstaan dat mense se bewussyn by die dood eindig.

Die Bybelse weergawe van koning Saul se séance verwar soms lesers wat toevallig daarop afkom en dan vrae het oor geeste wat na die dood bestaan. Met die eerste oogopslag kan 'n mens dalk dink dat 'n towerheks van Endor die gees van Samuel op koning Saul se versoek opgeroep het (1 Samuel 28:8-15). Het hierdie dodebesweerster egter *werklik* vir Samuel teruggebring? Die Skrif verduidelik dat Saul "begryp" het dat dit Samuel was (vers 14). Die beskrywing wat die dodebesweerster aan hom gegee het, was bloot van 'n "ou man ... kom op met 'n mantel" – klaarblyklik 'n onrein gees wat in 'n gedaante, baie soos Samuel s'n, verskyn het. Die Skrif toon dat leuengeeste wel uitgaan om te mislei, net soos hierdie een wat probeer het om Saul te mislei (vergelyk 1 Konings 22:22-23).

Ja, die Bybel toon duidelik dat ons nie met die dooies kán kommunikeer nie. Die dooies is nie bewus van lekkernye of offergawes wat na hulle grafte gebring word nie. Hulle hoor nie en vind nie baat by gebede wat tot hulle of namens hulle gedoen word nie.

Aan die ander kant sien ons wél uit daarna om ons geliefde vriende en familie in die opstanding te sien en dit is sekerlik reg om die nagedagtenis van 'n afgestorwe familielid of vriend by 'n begrafnisdiens te eer – veral ter wille van die treurende naasbestaandes. Ons "eer die nagedagtenis" van ons afgestorwe ouers en grootouers – nie deur snuisterye by hulle grafte te los of te hoop om hulle geeste in ons huise te verwelkom nie, maar deur hulle opbouende raad en voorbeeld te volg en deur hulde te bring aan die goeie naam wat hulle gevestig het terwyl hulle geleef het.

**Goeie, skoon pret?**

Sommige mense mag sê "ek glo nie in al daardie sinnelose gebrabbel nie. Ek hou net daarvan om pret te hê op 'n vakansiedag". Is daar werklik iets verkeerd met die hedendaagse Halloween-gebruike wat ons oor die algemeen sien? Kan daar enige probleem wees met fantasiekostuums, spookstories en om smaaklike lekkernye te versamel? Behoort ons geamuseerd te wees deur plastiese, battery-aangedrewe "kabouters" wat verbygaande kopers in 'n afdelingswinkel aangluur? Niemand neem tog vandag al die "vreesaanjaende" bog ernstig op nie, nie waar nie?

Daardie benadering is heel moontlik sélf deel van die probleem. Die geesteswêreld

*behoort* ernstig opgeneem te word. Dit is 'n werklikheid en dit is *gevaarlik* vir die niks-vermoedende mense. Die gevare van die okkulte word nogtans dikwels tot die status van 'n lawwe speletjie afgewater, asof ons onskadelik kan saamspeel as ons net "geesdriftig kan raak".

Miljoene mense probeer sekerlik net dit doen. Selfs die kundige huisversierder, Martha Stewart, gee raad oor hoe om u grasperk met flikkerende pampoene te versier om 'n spookagtige omgewing vir pret te skep. Sy verklaar: "Die opwinding *van* Allerheiligeaand is in die lugruim – die atmosfeer is gelaai deur die skouspel en geluide en vrese wat aan die nag behoort ... Waarna ons op soek is is om die vakansie se blink en gloeiende geeste te klop met hulle eie spel, om hulle bedreiging uit die weg te ruim deur dieselfde palet van skerp amberkleurige en swart skaduwees te gebruik om ons bang te maak" (*Halloween*: *The Best of Martha Stewart Living*, 2001, bll. 13-14).

God sê egter nie vir ons om 'n bespotting te maak met interaksie met die geesteswêreld nie. Hy sê nie vir ons om moderne weergawes van antieke Druïdiese rituele uit te voer nie. Hy sê eerder: " ... weerstaan die duiwel. en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader" (Jakobus 4:7-8). God adviseer ons om bewus te wees van die duiwel se planne sodat ons sy strikke kan vermy (2 Korinthiërs 2:11). Die Skrif herinner ons dat Christene in 'n "worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug" (Efésiërs 6:12).

**God se weë of heidense feesvierings?**

Halloween vier onheil. Dit word beskou as 'n tyd om 'n mens se inhibisies oorboord te gooi en reëls te verontagsaam. Skrywer Hugo Slim herinner ons: "Allerheiligeaand behou steeds baie van die ou voor-Christelike speletjies en rituele as deel van sy feestelikhede. Speletjies wat appels, fantasiekostuums en vergelding behels, word steeds tydens elke Allerheiligeaand deur kinders geniet" (*A Feast of Festivals*, 1996, bl. 176). Hy gaan voort deur te sê: "Die kamoeflering van fantasiekostuums en pampoenlanterns het ook die perfekte dekking verskaf om 'n vyand terug te betaal. Allerheiligeaand het dus 'n onvermydelike en aanvaarbare tyd geword om geskille van die verlede uit die weg te ruim deur die antieke gewoonte van '*trick or treat*', 'n speletjie wat vandag uiters gewild is onder baie kinders" (bll. 177-178).

Keur God sulke feeste goed? Die apostel Petrus verduidelik dat Christene, lewenswyses behoort prys te gee wat in stryd is met God se weg: "Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgodery" (1 Petrus 4:3). Paulus sê in Filippense 4:8: "Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit." Die onrein en oproerige oorsprong van Halloween is nie versoenbaar met God se instruksies aan Christene nie.

**Verwerp heidense tradisies**

Terwyl God die Israeliete voorberei het om die Beloofde Land in te gaan, het Hy hulle *spesifieke en kragtige opdragte* gegee dat hulle Hom nie moes probeer eer deur die tradisies van die nasies rondom hulle te beoefen nie. Hulle moes *nie* die onderhoudings van die heidene aanneem nie. Hulle moes sulke gebruike verwerp en eerder God se Wette en instruksies getrou volg.

Moses het die Israeliete beveel: "As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie" (Deuteronómium 12:29-31).

God roep Christene vandag om Hom te gehoorsaam en te aanbid *op die wyse wat Hy gekies het*, nie deur mensgemaakte tradisies te volg nie. Indien Jesus Christus

u vir Homself geroep het om Sy Waarheid te verstaan, het Hy u geroep *om anders te* wees. In die laaste ure van Sy lewe het Christus gebid dat Sy dissipels nie *van* die wêreld sou wees nie, al leef hulle in die wêreld: "Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar. Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie" (Johannes 17:15-16).

Mag God aan u die begrip en onderskeidingsvermoë gee om anders as die wêreld te wees, Hom geheel en al te volg en die feeste van die dood te verwerp. WvM


# Die ware God: bewyse en beloftes

*Waarom* is die God van die heelal nie vandag vir mense *werklik* nie?

**Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.**


***Vervolg vanaf bladsy 7 – Die merk van die dier: 'n Slim vervalsing***

waardige dag van die son" afdwing. Dit mag dalk gedoen word in die naam van die versterking van gesinne of die redding van die planeet of sosiale verantwoordelikheid en openbare veiligheid, maar wat ook al die poging om dit te regverdig, moenie 'n fout maak nie: Die tydperk wanneer die merk van die dier afgedwing gaan word, is aan die kom!

Vir 'n vollediger verduideliking van hierdie onderwerp en om die betekenis van die getal 666 te verstaan, bestel 'n gratis kopie van *Die Dier van Openbaring* by die streekkantoor die naaste aan u (lys op bladsy 2) of lees dit aanlyn by *wvm.org*. WvM


# Die Tien Gebooie

*Die hedendaagse "moderne" samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooie. Is daar mee "weggedoen" deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis? Moet dit in openbare plekke vertoon word of moet dit beperk word tot die kerk? Is dit 'n las vir "verligte" mense of 'n seën vir diegene wat dit onderhou? Koning Dawid sê: "Hoe lief het ek u wet" en noem dit volmaak; die apostel Paulus noem dit heilig, regverdig en goed; Jesus eer, vervul en gehoorsaam die Tien Gebooie en gebied ook gehoorsaamheid daaraan. Vir die meeste mense bly die Tien Gebooie egter 'n raaisel wat nooit verstaan is nie. Hierdie boekie verduidelik in maklike terme hierdie onverbiddelike lewende Wet wat binnekort die basiese Wet sal word van die toekoms se vreedsame, voorspoedige, vreugdevolle wêreld!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# "Haat jou naaste"

## Deur Wallace G Smith

Waarom weerspieël die samelewing toenemend die teenoorgestelde van die Bybel se beroemde opdrag?

Het u die verandering opgemerk? Het u dalk gewonder of dit dalk net u verbeelding is? Na aanleiding van studies is daar tot die gevolgtrekking gekom dat u u nié verbeel nie: Mense is regtig *besig* om mekaar te haat.

Natuurlik bestaan politieke verskille al so lank as wat politiek bestaan. Dit is dus nie ongewoon dat daardie politieke verskille 'n bron van woede en pyn, selfs tussen naaste familielede en vriende kan word nie.

Dit is egter asof iets verander het – soos 'n skakelaar wat skielik aangeskakel is. Diegene aan die "ander kant" van die politiek lyk nou méér soos teenstanders wat verslaan behoort te word – hulle lyk asof hulle vyande is wat gehaat behoort te word. Die gesindheid is nie beperk net tot politiek nie.

Video-grepe op sosiale media-plasings dokumenteer ons agteruitgang wat betref minagting en onverdraagsaamheid vir mekaar: 'n Kliënt van 'n lugdiens wat 'n beampte by 'n hek slaan; aanrandings in ons skole – student teen student en student teen onderwyser; kliënte in koffiewinkels wat volkome vreemdelinge konfronteer, omdat hulle te na gekom voel deur die slagspreuke op die ander se klere; TikTok-"sterre" wat niksvermoedende slagoffers traumatiseer in 'n poging om *likes* en volgelinge te werf; kelners en kelnerinne wat met minagting behandel word; "padwoede" op ons snelweë wat lei tot gevaarlike konfrontasies en selfs sterftes.

Die meeste van ons kan sien dat die neiging om te haat 'n realiteit is en dat dit diep kommerwekkend is. Waarom gebeur dit dan? Waarom raak so baie van ons sogenaamde "beskawing" so onbeskaafd en word dit oorheers deur 'n kultuur van haat en minagting vir ons medemens?

**Behoort ons ons leiers te blameer?**

Dit sou maklik wees om ons leiers te blameer en vir baie van hulle is uitdrukkings van haat en minagting inderdaad die kenmerk van hedendaagse politiek.

Negatiewe veldtogte is deel van die Amerikaanse politiek, byna so lank as wat daar politiek in Amerika is. Dit lyk egter of die venynigheid gedurende die afgelope jare toegeneem het en kandidate val nou die kiesers aan, nie net mekaar nie. Haatdraendheid is aan die lig gebring en aangehits toe die destydse senator Barack Obama, wat in 2008 as president verkiesbaar was, gekla het oor die "bitter" Amerikaners wat vir sy opponente gestem het en gesê het dat hulle "aan gewere of godsdiens vasklou of gekant is teen mense wat nie soos hulle is nie". Hillary Clinton, sy opvolger, het haarself as presidentskandidaat verkies-baar gestel en sy het miljoene mense woedend gemaak deur te betreur wat sy die "mandjie van betreurenswaardige kiesers" genoem het wat haar teenstander ondersteun het. Op haar beurt het sy daardie verkiesing verloor teen 'n kandidaat, Donald Trump. Hy bly die koning van die skoolseunagtige belediging en openbare minagting met die "gawe" en vermoë om onvergeetlike en spottende frases uit te buit om diegene wat hom sou teëstaan, te verkleineer. Die huidige V.S.-president, Joe Biden, het 'n groot deel van sy nasie se bevolking as "*MAGA Republicans*" [*Make America great again]* bestempel. Hy noem hulle in die openbaar 'n gevaarlike bedreiging vir demokrasie.

Dit is moeilik om meer minagtend te raak as om te beweer dat die ander party se ondersteuners op niks minder gefokus is as die vernietiging van die nasie nie. Sulke aansprake is nogtans nou die norm in die Amerikaanse politiek, met diegene aan weerskante van elke hoofideologiese siening wat diegene wat van hulle verskil, behandel as verraaiers wat niks anders as minagting werd is nie – feitlik onmenslik.

Desondanks word die meeste van die Westerse nasies gelei deur verteenwoordigende regerings, waar die leiers die steun en stemme van die publiek moet kry om in die amp aan te bly. Ja, die leiers beïnvloed hulle mense, maar hulle verkry en behou die vermoë om daardie invloed te hê deur aan mense te gee wat hulle wil hê.

Arthur Brooks, die voormalige president van die *American Enterprise Institute*, het 'n opmerking gemaak oor hierdie verskynsel in 'n onderhoud met Judy Woodruff van die *PBS [*Public Broadcasting Service]. *NewsHour:* "In 'n demokratiese samelewing, in 'n kapitalistiese kultuur, is ons leiers eintlik volgelinge. Hulle neig daartoe om die gevolg te wees, nie die oorsaak, van ons dade nie ... Hulle beïnvloed ons beslis en hulle beïnvloed ons kultuur. Wat egter in demokratiese samelewings en met demokratiese verkiesings gebeur, is dat leiers 'n parade in die straat sien afstap, hulle spring dan voor in om die leier te word".

Is Brooks reg? Dink aan hoeveel mense kla oor "aanvallende advertensies" teen ander politici maar vra dan egter: *Sou ons so baie daarvan sien indien dit nie gewerk het nie?*

Die situasie word nie aangehelp deur wat Brooks in sy boek *Love Your Enemies* die "beledigende ingewikkeldheid" noem nie. Dit is saamgestel uit moderne mediakanale wat "hulle gehore boei met minagting deur aan hulle gehore te vertel wat hulle wíl hoor, 'n relaas van konflik te "verkoop" en growwe karikature van die ander party te skilder. Hulle laat 'n mens voel asof ons eie oortuigings geregverdig is terwyl ons ons ergste aannames bevestig aangaande diegene wat nie met ons saamstem nie, naamlik dat hulle in werklikheid dom en boos is en dat dit nie die moeite werd is om 'n mens aan hulle te steur nie" (bl. 29).

Natuurlik sou hatigheid nie goeie besigheid wees vir media-magnate of grootmond politici indien dit nie vir ons so goed gevoel het nie – dit voel *wel* goed vir so baie mense. *Waarom* dan?

Wat is dit in ons kultuur wat ons tot 'n punt gebring het waar so baie van ons soveel bevrediging daaruit put om diegene wat nie met ons saamstem nie of ons ongemaklik maak, as voorwerpe van minagting te beskou, selfs minder as menslik – of ten minste minder menslik as wat ons is?

Jesus Christus verwys na 'n antwoord wat min mense verwag om te hoor en min navorsers sal die moeite doen om dit te ondersoek.

**Sulke tye was voorspel**

In Sy bekende Olyfberg-profesie, wat oor die algemeen verkeerd verstaan word, verbind Christus ons wêreld se haatlike, minagtende gesindheid direk met die *gebrek aan afwesigheid van God se Wet*. Jesus het Sy dissipels gewys na die toekoms en geprofeteer oor die toestande wat oorvloedig sou wees in die dae wat sou lei tot voor Sy Wederkoms en het duidelik gesê, "omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel" (Matthéüs 24:12).

Christus het nie gepraat van ongehoorsaamheid aan die wette van mense en burgerlike regerings nie. Hy het die verklaring gemaak onmiddellik nadat hy van valse profete gepraat het, wat "baie mense sal mislei" en die grootste deel van die samelewing sal "wegdrywe" van die ware geloof (vers 11). Hy het 'n diepgaande realiteit genoem: Namate die mensdom se lewenswyse van selfbestuur ons verder vervreem van die Wette en Gebooie van ons Skepper, verval ons ook al hoe dieper in 'n situasie waar selfs ons natuurlikste gesindhede al hoe ongevoeliger raak –namate die vlam van ons haat vir mekaar al hoe meer toeneem.

Regdeur u Bybel vind ons in baie gedeeltes waarskuwings, soortgelyk aan Christus s'n, wat 'n eindtydse klimaat van haat en minagting voorspel en openbaar dat ons beskawing nog verder in wettelose boosheid sal verval – soveel so dat ons onsself sou vernietig indien dit nie was vir Christus se uiteindelike, onvermydelike terugkeer nie (vers 21-22).

Die profeet Jesaja, het in die agtste eeu v.C. geskryf en 'n toekomstige tyd van benoude onderdrukking beskryf, waarin die vlak van ons beskawing sal begin agteruitgaan en in puin verval. Die las van onderdrukking kom nie soseer van die heersers af nie – ten spyte van hulle selfsugtigheid en onbevoegdheid (Jesaja 3:1-4). Inteendeel, "die mense sal

mekaar verdruk, man teen man, en die een teen die ander; die seun sal die grysaard, die veragtelike sal die agbare stormloop" (vers 5).

Naaste teen naaste. Die kind teen die ouer mense.

Die profeet Miga gee insig oor die toestand wat so 'n samelewing kan bereik – 'n omgewing waarin selfs 'n mens se mees intiemste vriende 'n potensiële vyand is. "Vertrou geen metgesel nie, maak op geen vriend staat nie, let op die poorte van jou mond teenoor haar wat in jou skoot lê. Want die seun minag die vader, die dogter staan op teen haar moeder, die skoondogter teen haar skoonmoeder, die man se vyande is sy huisgenote!" (Miga 7:5-6). Jesus Christus het juis hierdie gedeelte aangehaal in Sy bespreking van die dae wat kom (Matthéüs 10:34-36).

**Gebrek aan menslikheid?**

Die apostel Paulus het die "laaste dae" van hierdie eeu profeties beskryf en beklemtoon dat "mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God" (2 Timótheüs 3:1-4). Sy woorde stem ooreen met die beskrywing wat hy in die boek Romeine gee, waar hy sê dat mense "geweldenaars, trotsaards, grootpraters ... sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig" sal wees (Romeine 1:30-31).

Sulke beskrywings herinner aan die dae van Noag voor die vloed, waar daar aan ons vertel word "die aarde was verdorwe" (Génesis 6:11). Dit is die moeite werd om op te let daarna dat Christus gewaarsku het dat die dae wat Sy Wederkoms voorafgaan, baie in gemeen het met die dae van Noag (Matthéüs 24:37).

Diegene wat dink dat sulke tye onmoontlik is gedurende 'n "beskaafde" hedendaagse wêreld soos ons s'n, vergeet dat Duitsland gedurende die jare voor die *"Holocaust"* [Volksmoord] – minder as 'n eeu gelede – as een van die mees beskaafde nasies in die menslike geskiedenis beskou is. Dit was 'n globale sentrum van kuns, filosofie, wetenskap en kultuur. Die krag van haatdraendheid is egter ontketen en daardie beskawing het die globale sentrum geword vir die geïndustrialiseerde slagting van menslike wesens wat ander mense nie as mense beskou het nie.

In 'n samelewing waar leiers woede aanwakker om hulle politieke basis te versterk en waar 'n woedende bevolking op sy beurt nóg meer woedende leierskap ondersteun, behoort ons nie verbaas te wees wanneer hele groepe mense as gevolg van hulle vyande se opruiende haatspraak onmenslik word nie. In 'n atmosfeer van gewelddadige haat is dit soveel makliker om 'n gevaarlike "dier" dood te maak as om met 'n menslike opponent te redeneer.

Die Bybel maak dit duidelik dat hierdie gewelddadige gesindheid net erger sal raak. Gedurende die jare net voor Jesus Christus se Wederkoms, sal hierdie interpersoonlike vyandskap en gees van geweld gefokus word op een groep wat meer as alle ander groepe verafsku word. Dit is diegene wat konvensionele of algemeen aanvaarde godsdiens en selfs vervalste "Christelikheid" teëstaan, deur getrou te bly aan Christus se Bybelse leerstellings, ten spyte van vervolging deur diegene wat Sy Naam valslik vir hulleself toeëien. Trouens, die apostel Johannes teken Jesus se eie profesie aan naamlik dat diegene wat sulke getroue volgelinge onder hulle naaste doodmaak, sal dink dat hulle God dien deur hierdie moorde (Johannes 16:2).

**'n Radikaal verskillende benadering**

Op die ergste vlak sal 'n ingesteldheid van onmenslike haatdraendheid uiteindelik die fondamente van 'n samelewing en beskawing vernietig. 'n Volk kan nie 'n volk bly indien die individue van daardie volk mekaar verafsku nie. Uiteindelik word die bande wat daardie samelewing bind, uitmekaar geruk en hulle selfvernietiging is onvermydelik.

Op die mees persoonlike vlak sal onmenslike haatdraendheid ons individuele karakter en gees wegvreet. Sulke haatdraendheid verteenwoordig die teenoorgestelde van die benadering tot die lewe en verhoudings wat Jesus

Christus vir ons kom uitbeeld het. Hy beeld egter ook die teenoorgestelde lewenswyse uit wat Hy aan die hele mensdom na Sy Wederkoms sal leer. Trouens, Hy sal veel meer doen as om dit bloot net te leer – Hy sal die samelewing in staat stel om Sy liefdevolle benadering, 'n alledaagse werklikheid te maak.

Baie mense is vertroud met Jesus se opdrag om "jy moet jou naaste lief hê soos jouself" (Matthéüs 22:39) – 'n opdrag wat Hy uit die Ou Testament aanhaal (Levítikus 19:18) as 'n fundamentele beginsel van God se Wet.

Die omvattendheid van die liefde wat Hy ons beveel, word dikwels nie ten volle verstaan nie. Dalk sal sommige van ons, in ons toksiese hedendaagse omgewing, Hom uitdaag net soos een van Sy luisteraars gedoen het, met die vraag: "En wie is my naaste?" (Lukas 10:29).

Jesus het reageer met die bekende gelykenis waarin 'n man wat van Jerusalem af gereis het deur misdadigers aangeval en "half dood" agtergelaat is. Hierdie man is nie deur enige verbygangers gehelp nie totdat 'n Samaritaanse man hom ontferm het oor hierdie slagoffer en hom gehelp het. Die gewildheid van daardie gelykenis is die rede waarom diegene wat hulleself opoffer en medelye met ander betoon, "barmhartige Samaritane" genoem word.

Christus se keuse van 'n Samaritaan as die held van die gelykenis was beslis leersaam. Die Jode en Samaritane van Jesus se tyd het glad nie ooghare vir mekaar gehad nie. Hulle was bitter vyande wat mekaar se godsdiens en optrede verag het. Christus se gelykenis was nie bedoel om die Samaritane se godsdiens, leringe of gebruike goed of af te keur nie. Hy het uitdruklik nie saamgestem daarmee nie en het dit ten sterkste verwerp (Johannes 4:19-22). Hy het hulle egter nie gehaat of "onmenslik" teenoor hulle opgetree nie. selfs al het hulle Hom met vyandskap en vooroordeel benader (Lukas 9:51-56).

Christus het nie Sy gehoor gevra om voor te gee dat daar geen meningsverskille tussen Jode en Samaritane was nie – ook nie dat die Samaritane heeltemal verkeerd en verdraaid was wat betref die ware geloof wat God aan Israel gegee het nie. Die weg tot versoening is nie om voor te gee dat diepgaande verskille nie werklik bestaan nie. Dit is verkiesliker om ons medemens lief te hê soos iemand wat soos ons na die beeld van ons Skepper gemaak is, as om oplossings te vind of om die waarheid vas te stel. *Ten spyte* van daardie verskille, is dit die grondslag van daardie weg.

Trouens, om 'n mens se *naaste* lief te hê is nie eers die heel belangrikste aspek van Jesus se leerstelling in hierdie verband nie. Die Seun van God beveel almal wat Hom volg om hulle standaard selfs te verhoog:

> "Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges" (Matthéüs 5:43-45).

**Verandering kom van binne**

Wanneer ons skaars die krag en moed kan vind om ons naaste lief te hê, hoe kan ons verwag om ons vyande lief te hê? Daardie verandering kan net van binne kom, maar tensy die samelewing rondom ons ondersteuning bied met daardie verandering, sal dit byna onmoontlik wees. Dit is waarom ons samelewing Jesus Christus so desperaat nodig het om terug te keer en die Koninkryk van God saam met Hom te bring.

Wanneer Jesus Christus uit die Hemel terugkeer, soos Hy beloof het om te doen, sal Hy terugkeer as Koning van die konings en Here van die here. Sy lewenswyse en God se Wette wat daardie wyse uiteensit en ondersteun, sal na alle uithoeke van die planeet Aarde versprei gedurende 'n tyd waarna algemeen verwys word as die Millennium – 'n duisend jaar lange tydperk wat die Groot Wit Troon Oordeel sal voorafgaan (Openbaring 20).

Daardie oordeel sal 'n tyd wees wanneer diegene wat geleef en gesterf het sonder om werklik Sy boodskap te herken, uit die dood opgewek word en hulle sal die geleentheid kry om Hom as Verlosser te erken en te aanvaar. Daar sal geen mens wees wat geleef en gesterf het sonder om 'n geleentheid te kry om gered te word nie.

Daardie redding behels egter meer as gehoorsaamheid aan wette en reëls. Jesus Christus sal ná Sy Wederkoms Koning wees, maar Hy sal veel meer doen as om God se Wette te onderrig en af te dwing. Wette en gedragsreëls is nie genoeg wanneer die menslike hart sélf nie fundamenteel verander het nie. Een rede waarom ons hedendaagse wêreld in die dieptes van interpersoonlike haatdraendheid afgedaal het, is dat ons fundamenteel mense van vlees en bloed blý wat gereeld misluk in ons pogings om ons eie selfsug te oorwin. Die blywende les wat ons van antieke Israel leer, is dat wette alleen – selfs Goddelike Wette – nie genoeg is nie.

Indien 'n stel wette ooit genoeg kon wees om lewe in 'n samelewing te blaas en sy inwoners te verander sodat hulle die liefde en onbaatsugtigheid van God kan weerspieël, sou dit die stel Wette gewees het wat ongeveer 3,500 jaar gelede aan Israel gegee was (Galásiërs 3:21; vergelyk Psalm 19:7). Terwyl God se Wet Sy hoë standaard weergee en dit heilig en goed is (Romeine 7:12), kan net dít alleen nie die sondige, vleeslike, menslike hart verander nie. Trouens, die geïnspireerde woorde van die Skrif verseker ons dat "wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Romeine 8:7).

Dit is waarom die Ewige God verseker het dat die geskiedenis van antieke Israel in die Skrif opgeteken is sodat ons daardie les kan leer. Die Israeliete het die wonderlikste stel Wette ontvang wat mense ooit kon hoop om te besit, maar daardie Wette was nie genoeg om die nasie se uiteindelike verval in selfsugtige verdorwenheid te voorkom nie, tot op 'n punt waar sommige selfs hulle eie kinders aan heidense gode geoffer het (Eségiël 23:37) – baie soos wat ons hedendaagse wêreld, kinders offer aan die gewilde "god" van persoonlike gerief in aborsieklinieke regoor die wêreld.

Die verandering van die hart is buite die bereik van selfs die magtigste menslike heerser. Die heersende Jesus Christus sal geen blote sterflike president of eerste minister wees nie. Hy sal bereik wat geen politieke stelsel, valse godsdiens of mens-geformuleerde morele filosofie ooit kon behaal nie: Die totale verandering van elke individuele mens, 'n algehele herskepping.

**Die Gees van God**

Jesus Christus sal nie nét Sy regverdige, sorgsame en deernisvolle Wette na ons wêreld bring nie; Hy sal ook die Gees van God beskikbaarstel om in almal te woon wat Sy heerskappy in hulle lewens sal aanvaar (vergelyk Johannes 7:37-39). Die Wette en regverdige lewenswyses wat net in Hom gevind kan word, sal versprei om die hele wêreld te bedek tydens Sy duisendjarige heerskappy (Jesaja 11:9), so ook sal die uitstorting van Sy Gees op 'n berouvolle mensdom, mans en vrouens oral toelaat om deelgenote van die goddelike natuur te word (2 Petrus 1:4). Diegene wat *vandag* aan Hom oorgee – Sy eerstelinge – sal saam met Hom daar wees en as onderriggewers dien. " ... en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan" (Jesaja 30:21). Ja, ons wat in hierdie tyd oorwin, sal daar wees om *andere* te help om te oorwin ná Christus se Wederkoms.

Die mensdom het die liefde van God binne-in hulle nodig indien hulle wil leer om Sy lewensweg te beoefen – om werklik hulle medemens lief te hê en die Wette van liefde uit te leef wat ons Skepper voorsien. Dit is deur Sy Gees dat Sy liefde in die harte van mense uitgestort word (Romeine 5:5). Wanneer daardie gees uitgestort word op 'n berouvolle mensdom tydens die heerskappy van Christus, sal die resultaat 'n wêreld wees waarin die idee om 'n mens se naaste te haat net so vreemd sal wees soos die idee om jou eie vlees te haat. Selfs nasies met jarelange geskiedenis van vyandige gesindhede sal in vrede met mekaar saamleef (vergelyk Jesaja 19:23-25)

*Vervolg op bladsy 22*

# Merke van berou

## Deur Phil Sena

Ek onthou toe ek 'n verbysterende verskynsel gesien het toe ek nog 'n tiener was in die middel-1970's. Gary Dahl, 'n ondernemende Kaliforniese advertensieman, het wat hy "die perfekte troeteldier" genoem het – *die Pet Rock* – bemark en verkoop. Dit was verpak in 'n klein kartonhouertjie wat met "asemhalingsgaatjies" geperforeer was en binne-in was 'n gewone klip wat in strooi gelê het. Elkeen het 'n "geboortesertifikaat" vir die klip gehad, sowel as 'n opleidingshandleiding – *The Care and Training of Your Pet Rock* – instruksies hoe om die klip te leer om te "bly" of "om te rol" of "dood te speel". *Pet Rocks* het in die laaste paar maande van 1975 baie gewild geraak wat Gary Dahl 'n miljoenêr gemaak het, maar die gier het aan die begin van 1976 afgeneem, toe verkope drasties gedaal het.

Dit is die verloop van 'n gier, wat *Merriam-Webster.com* definieer as "'n praktyk of belangstelling wat vir 'n tyd lank met oordrewe ywer gevolg word". Hierdie definisie beskryf baie ander praktyke akkuraat wat op 'n golf van gewildheid ry, maar uiteindelik momentum verloor. Die waarheid is dat giere gereeld voorkom. So moeilik as wat dit is om te glo, is daar tans gewilde vermaaklikheidskunstenaars, modeneigings en televisieprogramme wat alles binnekort uit die mode sal wees. Destyds toe *Pet Rocks* te koop was het ek vierduim hoë platformskoene en 'n poliëster ontspanningsdrag met 'n goue ketting om my nek gedra – ek kan u verseker dat ek nie meer sulke klere dra nie!

Nog 'n kenmerk van giere is dat sommige daarvan, soos *Pet Rocks* en ontspanningsdrag, geen blywende negatiewe gevolge in die algemeen het nie. Ongelukkig het sommige giere egter *wel* langtermyn gevolge wat vir die res van ons lewens by ons kan bly, selfs blywende berou bring, veral vir diegene wat die meerderheid gevolg het.

Oorweeg die moderne oplewing in belangstelling in die antieke praktyk van tatoeëering. Vir baie jare het tatoeëering 'n negatiewe stigma gehad, aangesien dit oor die algemeen met matrose, motorfietsryers en bendelede geassosieer is. Volgens 'n onlangse 2021-opname, het meer as een uit elke vier volwassenes in die Verenigde State (26 persent) ten minste een tatoeëermerk en 17 persent van hulle het veelvuldige tatoeëermerke. Dit is 'n skerp toename van die 14 persent mense wat in 2008 gerapporteer het dat hulle 'n tatoeëermerk het (*Statista.com*, September 2021; *The Harris Poll*, 23 Februarie 2012).

"Tatoeëering" het so alledaags geword dat dit nie ongewoon is om oumas te sien met tatoeëermerke nie! In plaas van subtiele, maklik weggesteekte merke, maak baie mense vandag verskeie afsprake na die salon om groot dele van hulle liggame met ingewikkelde en komplekse "liggaamskuns" te bedek. Dit is veelseggend dat daar selfs 'n toenemende industrie ontwikkel het vir die verwydering van tatoeëermerke. Hulle het 'n inkomste van meer as $4 miljard behaal in 2021. Dit behoort ons te laat dink voordat ons ons laat tatoeëer!

**Maak u u eie merk?**

Die merk van die vel is in baie verskillende beskawings beoefen, wat ten minste so ver teruggaan as 3000 v.C. Mense se redes om tatoeëermerke te kry blyk net so uiteenlopend soos hulle kulture te wees, as maniere "om beskermende of terapeutiese simbole op die liggaam te plaas, as 'n manier om mense te identifiseer in toepaslike sosiale, politieke of godsdienstige groepe of bloot as 'n vorm van selfuitdrukking of modeverklaring" (*"Tattoos: The Ancient and Mysterious History," Smithsonian.com*, 1 Januarie 2007).

Volgens 'n November 2020-artikel van *AuthorityTattoo.com* kry baie mense deesdae tatoeëermerke om gebeurtenisse of mense in hulle lewens te onthou, om individualiteit uit te druk, "omdat hulle *cool* lyk", of as 'n daad van rebellie. Daar bly inderdaad 'n element van kulturele opstandigheid wat met tatoeëermerke geassosieer word. Dieselfde artikel

sê: "Mense kry dikwels tatoeëermerke om kulturele norms, gesinsverwagtings teë te gaan of *om die grense van die gemeenskap te toets*" en erken dat "rebelse tatoeëermerke dikwels berou kan word, soms maande of jare na die aanvanklike tatoeëering".

Ware Christene word geïdentifiseer deur die ewige Gees van God wat in hulle woon, wat toelaat dat die gehoorsame, getroue lewe van Jesus Christus in hulle alledaagse gedrag en keuses uitgevoer word. Selfs godsdienstige tatoeëermerke is nie die kenmerke van Christenskap nie. Dit is eerder die gehoorsame geloof van Jesus Christus wat 'n ware Christen identifiseer.

Hierdie bevindings lei tot 'n belangrike persoonlike vraag vir diegene wat tatoeëering oorweeg om die vel te kleur: "Wat is my motivering?" Mense is baie goed om hulle begeertes te rasionaliseer en hulle kom met baie redes vorendag waarom hulle tatoeëermerke wil hê. Is hulle begeertes werklik hulle eie of gee hulle toe aan groepsdruk om "in te pas" by die groep of om *"cool* te wees" deur 'n tatoeëermerk te hê?

Die tatoeëerkunstenaar Song Jiayin van Beijing is baie op die man af deur te verduidelik waarom mense regoor die wêreld tatoeëermerke het: "Wanneer u kies om getatoeëer te word en 'n ander beeld kies om op u liggaam te plaas, neem u eintlik aksie om te sê: 'Ek beheer my liggaam, my liggaam is anders as ander mense s'n'" (*"I control my body: Tattoos as an act of empowerment in China," South China Morning Post*, *YouTube.com*, 3 Maart 2023).

Ja, tatoeëermerke is 'n kragtige persoonlike stelling en dit verkondig 'n houding van "ek eerste" wat nie skroom om vir almal te wys dat hy nie omgee wat enigiemand van hom dink nie en om sy eie trots in sy of haar eie liggaam te vertoon nie. Vir diegene wat God volg, is die benadering van "om myself eerste te stel" presies die teenoorgestelde van die uitreikende besorgdheid oor ander mense wat God se liefde definieer. Die apostel Paulus het geskryf: "Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie" (1 Korinthiërs 13:4-5). Daardie soort liefde word nie deur 'n tatoeëermerk vertoon nie.

Dit is nie net 'n Nuwe-Testamentiese perspektief nie. Lank gelede het God sy volk beveel: "Julle mag ... geen snye in julle vlees maak nie en geen ingeprikte tekening in julle *vel* maak nie. Ek is die HERE" (Levítikus 19:28). As die ontwerper van die menslike liggaam het God dit as "baie goed" verkondig nadat Hy man en vrou geskape het – sonder tatoeëermerke (Génesis 1:31).

**Meer as vel-diep**

Jare gelede het 'n man na my gekom en in trane sy berou beskryf oor die tatoeëermerke wat albei sy arms bedek het. Hy het 'n langmou hemp gedra, skaam om my te wys wat hy die "bose" merke genoem het wat hy eens gedink het is "pragtig". Hy was aansienlik jonger toe hy sy tatoeëermerke gekry het en het onlangs van opinie verander. Hy het die dienste van tatoeëerverwydering ondersoek, maar die koste sou duisende dollars beloop en nie heeltemal doeltreffend wees nie. Hierdie dilemma was die rede vir sy trane.

Baie mense wat tatoeëermerke kry wanneer hulle jonk is, vind later uit dat hulle nie so maklik 'n goeie werk kan kry nie, aangesien baie werkgewers steeds nie werknemers met ooglopende tatoeëermerke wil aanstel nie. Sommige mense kan wel die koste en die pyn van verwydering van tatoeëermerke bekostig, maar ander mense het geen ander keuse as om saam te leef met die sigbare bewyse van 'n besluit waaroor hulle berou het nie. Hoe dit ook al sy, hulle wens later dat hulle die gevolge noukeuriger in ag geneem het.

Baie van u wat hierdie artikel lees, is dalk reeds getatoeëer en dit is beslis nie 'n poging om u skaam te maak nie – nie een van ons kan ons verlede verander nie en indien u wel tatoeëermerke het, is dit nie noodsaaklik dat u dit laat verwyder nie. God is genadig en vergewensgesind en sal nie enige van u tatoeëermerke teen u hou indien u opreg om vergifnis vra en bloot die regte besluite in die toekoms neem nie. Ongeag of u jammer is oor u tatoeëermerke of nog nooit enige gehad het nie, kan u toekomstige berou vermy deur verby die huidige gewildheid van 'n gier te kyk en die toe-

koms in gedagte hou. "'n Skrander mens sien die onheil en verberg hom, maar die eenvoudiges gaan verder en word gestraf" (Spreuke 22:3). WvM


# U uiteindelike Lotsbestemming

***Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!


***Vervolg vanaf bladsy 19 – "Haat jou naaste"***

aangesien mense van alle tale en kulture die goeie dinge sal erken wat vanuit Jerusalem na die wêreld sal stroom – hulle sal daardie seëninge vir hulleself wil hê (Sagaría 8:20-23).

Satan sal gebind wees vir 'n duisend jaar met Christus se Wederkoms (Openbaring 20:1-3). Die Koning van die konings sal dan haatdraendheid iets van die donker en verre verlede maak. In die plek daarvan sal 'n nuwe lewenswyse wees wat ten volle aangegryp sal word deur 'n samelewing wat uiteindelik geleer het hoe om dit te doen: Om u naaste lief te hê soos uself.

**U kan vandag daardie liefde nastreef**

Daardie beloofde wêreld van liefde – 'n wêreldwye samelewing waar vleeslike partydigheid, verdeeldheid en haat nie bestaan nie – hoef nie net 'n toekomstige hoop vir u te bly nie. Terwyl die nasies van die wêreld hulle eie koers sal kies, namate hulle hul eie afspraak met die noodlot nader, is u koers die een wat u self kan kies. Die "kragte van die toekomstige eeu" kan nou in ons individuele lewens waargeneem word (Hebreërs 6:5) indien ons bereid is om ons lewens oor te gee aan die enigste Een wat dit werklik kan verander.

Ja, ons huidige wêreld is gevul met haat en die volle mate van haatdraendheid wat voor Christus se Wederkoms ontketen sal word, is nog nie bereik nie. U en ek hoef egter nie aan daardie aaklige bedryf deel te hê nie. Ons kan eerder deel wees van iets beter. Die liefde van God, die vreugde en gemoedsrus wat daarmee gepaard gaan, is nou beskikbaar vir almal wat bereid is om hulle van hulle sondes te bekeer, elke aspek van hulle lewens heeltemal aan Jesus Christus se regverdige heerskappy oor te gee en die weg van die lewe wat Hy bied aan te gryp. "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie" (1 Johannes 5:3).

Indien u toegelaat het dat u deur haatdraendheid geraak word – haat vir iemand wie se politiek, ideologie, ras, etnisiteit, nasionaliteit of godsdiens van u eie verskil – moet u u bekeer. U *kan*. U kan verander. God kan u help.

Die Wêreld van Môre, waarin elke man, vrou en kind sal leer om hulle naaste waarlik lief te hê, sal gebou word deur diegene wat vandag leer om hulle vyande lief te hê. WvM

# Vrae & Antwoorde

**By die doop verbind elke Christen hom tot 'n wonderlike waarheid!**

**Vraag:** Ek het gehoor dat sommige mense beweer dat 'n mens gedoop kan word namens afgestorwe familielede of geliefdes wat nie gedoop is voordat hulle gesterf het nie. Is dit wat die Bybel sê?

**Antwoord:** 'n Paar belydende Christelike groepe het 'n verkeerde idee met betrekking tot 'n verwarrende stelling wat die apostel Paulus klaarblyklik maak. Hy het aan die Korinthiese gemeentelede geskryf: "Anders, wat sal hulle doen wat vir die dooies gedoop word, as die dooies glad nie opstaan nie? Waarom word hulle dan vir die dooies gedoop?" (1 Korinthiërs 15:29).

Hierdie vers illustreer die probleem van vertaling goed en die belangrikheid daarvan om die konteks van wat geskryf is te verstaan. Wat het Paulus in hierdie hoofstuk van 1 Korinthiërs bespreek? Kom ons bekyk dit van naderby:

> "As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie? ... Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore. As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense. Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het" (1 Korinthiërs 15:12-20).

Dit mag dalk deesdae vir ons vreemd voorkom, maar in Jesus se tyd was daar godsdienstige mense, soos die Sadduseërs, wat nie in 'n opstanding uit die dood geglo het nie. Die heel eerste Christene was Jode, waarvan sommige van hulle Sadduseërs was. In die verse hierbo verduidelik Paulus dat die opstanding uit die dood die hoop van ware Christene is.

Voordat ons na die taal van die vertaling kyk, laat ons onthou waaroor die doop werklik gaan. Opregte bekering word vereis voordat iemand gereed is om in ooreenstemming met kerkstandaarde gedoop te kan word (Matthéüs 3:8; Lukas 3:8; Handelinge 2:38). 'n Voorwaarde van doop is dat bekering duidelik behoort te wees – 'n verandering in ons lewenswyse. Ons word onderrig dat geloof ook vereis word (Hebreërs 11:6). Nie een van hierdie voorwaardes kan deur 'n dooie nagekom word nie – inderdaad, God sê aan ons deur Salomo "die dooies weet glad niks nie" (Prediker 9:5).

Baie van die verwarring word veroorsaak deur die vertalers se gebruik van die woord *vir*. Die Griekse woord *huper* word meer as 160 keer dwarsdeur die Nuwe Testament gebruik en hier word dit bloot as "vir" gebruik. Ons sien egter hoe *huper* elders gebruik word en dan word dit duidelik dat die woord dikwels die betekenis het van "vir die hoop van" of met 'n betekenis van "bo" of "meer as" of "oortref" (vergelyk Filippense 2:13). 1 Korinthiërs 15:29 gee dit so weer: "Anders, wat sal hulle doen wat hulle vir die dode laat doop, as die dode geheel en al nie opgewek word nie? Waarom laat hulle hul nog vir die dode doop?"

Ons sien duidelik hier dat Paulus dit beklemtoon dat die hoop van die hele mensdom die opstanding is. Sonder daardie hoop is dit betekenisloos om onder God se eerste vrugte te wees en ons doop is dan doelloos. Die werk van God is geheel en al gefokus op die hoop van die

*Vervolg op bladsy 26*

# U kind se "krimpvarkie"

## Deur Mark Sandor

Sewentig jaar gelede het die geskiedskrywer Isaiah Berlin 'n verhandeling gepubliseer met die titel "*The Hedgehog and the Fox*", wat uitbrei oor 'n gesegde wat deur die antieke Griekse digter Archilochus geskep is, dat "die jakkals baie dinge weet, maar die krimpvarkie weet een groot ding". In sy 2001-boek *Good to Great*, het die sake-ontleder Jim Collins hierdie konsep gebruik om te verduidelik waarom sommige besighede uitstekend vaar terwyl ander bloot net goed is.

Collins het bevind dat werklike groot maatskappye 'n konsep gevind het waarvolgens hulle hul maatskappy georganiseer het – wat hy 'n "krimpvarkie"-konsep genoem het. 'n Besigheid sou weet dat hy sy krimpvarkie-konsep ontdek het toe leiers dieselfde antwoord op drie vrae kon gee: Waaroor is u baie passievol? Waarin kan u die beste in die wêreld wees? Wat dryf u ekonomiese enjin waarmee u 'n inkomste kan verdien?

Collins het ook besef dat sy drie vrae op ons persoonlike lewens van toepassing kan wees – indien ons hierdie vrae verpersoonlik, kan dit aan ons persoonlike rigting gee. Wat Collins heel waarskynlik nie besef het nie, is dat sy vrae deur Bybelse beginsels ondersteun word. Terwyl twee van my seuns begin het om volwassenheid te bereikbaar, het hierdie "krimpvarkie"-vrae hulle gelei op die pad van voorbereiding vir hulle toekoms.

Wanneer ons ons kinders help oorweeg watter rigting om in te slaan wanneer hulle ons sorg verlaat, kan hierdie drie vrae leiding verskaf. Dit kan veral belangrik wees wanneer hulle hul hoërskool opleiding voltooi en oorweging skenk aan wat die volgende stappe is om in die lewe te neem.

**Drie vrae om die toekoms te evalueer**

Die eerste vraag vra ons om op ons persoonlike neigings te fokus. Van watter skoolvakke hou u kind nie en van watter vakke wel? Die Skrif spoor ons aan: "Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag" (Prediker 9:10). Dit is waar, ongeag die taak, maar dit word makliker gemaak wanneer ons die werk geniet. Terwyl ek op skool was, was wiskunde en geskiedenis twee van my beter vakke. Ek het egter nooit regtig wiskunde in dieselfde mate geniet soos geskiedenis nie. Ek het wiskunde waardeer omdat ek goed daarmee was en verstaan het hoe dit werk, maar ek het nooit gevind dat ek meer daaroor wou leer as wat vereis word nie. Geskiedenis aan die ander kant, was iets waarin ek eindeloos verdiep kon raak – ek kon verskeie klasse neem en het dit geniet om meer te leer. My besluit om 'n onderwyser te word, was 'n maklike keuse om my passie te volg. Vir u kind kan die opstel van 'n lys van vakke en aktiwiteite waarvan hulle hou, nuttig wees om hierdie eerste vraag te beantwoord.

Die tweede vraag fokus op talent. Waarmee het u kinders bewys dat hulle goed is? Net so belangrik, is dit om te weet waarmee sukkel hulle? Ons lees: "Sien jy 'n man wat vaardig is in sy werk – hy kan voor konings staan, hy hoef nie voor geringes te staan nie" (Spreuke 22:29). Dit is lonend om 'n werk te doen wat ons goed kan doen. Akademiese vakke kan weer 'n goeie beginpunt vir hierdie vraag wees. Ek sukkel met vreemde tale en ek voel hoe my bloeddruk styg wanneer ek bloed sien – om dus 'n vertaler of 'n dokter te wees, sou nie vir my 'n goeie keuse gewees het nie. Buiten akademie, is daar ook ander areas van talent wat oorweeg behoort te word. Het u kind 'n talent vir praktiese werk? Diegene wat talente vir ambagte het, kan dikwels goed betalende werke kry wat nie vereis dat hulle studielenings aangaan nie. Talent kan ook kunstige- en sportvaardighede insluit. Terwyl u kinders 'n lys van talente opstel, sal sommige items hopelik dieselfde wees as hulle antwoorde op die eerste vraag. Dit kan baie nuttig wees om te bepaal waarvan hulle hou en waarmee hulle goed is.

Ten slotte, wat kan u kinders doen wat hulle sal help om geld te verdien? Terwyl die Bybel ernstig waarsku teen die ontwikkeling van 'n liefde vir geld, moet mans gemotiveer

word om vir hulle eie huishoudings te voorsien (1 Timótheüs 6:10; 5:8). Christelike mans wat versuim om dit te doen, benadeel nie net hulle eie reputasie nie, maar dié van Christene in die algemeen. Ingeval u kind 'n paar onuitvoerbare voorstelle op die eerste twee vrae het help hierdie derde vraag wanneer dinge nou regtig ernstig raak. Hoeveel tieners glo hulle het 'n passie sowel as 'n talent om videospeletjies te speel? Selfs al ís dit waar, is dit baie onwaarskynlik dat 'n mens 'n bestaan daaruit kan maak. In plaas daarvan behoort jong mans aangemoedig te word om werk te kry wat 'n vaste inkomste bied om hulleself en hulle gesinne te onderhou. (Vir meer oor hoe ons ons kinders kan leer om die rolle wat God vir hulle ontwerp het, te aanvaar kan u ons Januarie 2021-artikel "*Teaching Kids True Masculinity and Femininity*" lees, wat beskikbaar is by *Tomorrow'sWorld.org*.) Die reeks poste wat 'n inkomste *kan* verskaf is redelik omvangryk, so dit is dalk die beste om bloot u kind se eerste twee lyste te hersien en te kyk of hierdie vraag enige kandidate uitskakel.

Deur hierdie vrae te beantwoord, behoort u kinders in staat te wees om 'n kortlys van goeie beroepe te identifiseer waarin hulle kan uitblink en 'n betroubare inkomste kan verdien. Antwoorde op hierdie vrae kan met verloop van tyd verander, dus kan dit veral nuttig wees om dit te hersien namate hulle die einde van hulle hoërskool nader. Nadat hulle graad twaalf voltooi het, kom jongmense gewoonlik te staan voor die opsies om die arbeidsmag te betree, na 'n handelskool te gaan of 'n kollege of universiteit by te woon. Deur na te dink oor hoe hulle die "krimpvarkie"-vrae beantwoord het, kan hulle 'n beter keuse maak.

### Een allerbelangrike oorweging

Daar is beslis ander elemente om te oorweeg. Die arbeidsmag verander voortdurend as gevolg van al hoe meer werksgeleenthede wat geoutomatiseer óf uitgedien raak. Dit kan beteken dat jongmense behoort te fokus op vaardighede wat maklik van een werk na 'n ander oorgedra kan word. Hierdie vaardighede kan so eenvoudig wees soos om met ander mense oor die weg te kom (om goeie "menseverhoudings" te hê), gefokus te bly op take en instruksies te volg. Hulle behoort bloot ontvanklik te wees om reggehelp te word want dit is 'n groot voordeel in die werkplek. Ideaal gesproke sal jongmense ook beroepe teiken wat nie gou geoutomatiseer of uitgefaseer sal word nie. Dit beklemtoon weereens hoe waardevol handelskole vir jongmense met daardie talente kan wees!

Die belangrikste oorweging is dat die werk hulle nie behoort aan te moedig om God se Gebooie te oortree nie. Hulle het dalk werk gekry waarvan hulle hou en waarin hulle vaardig is en wat 'n inkomste kan genereer, *maar* sal veroorsaak dat hulle 'n Gebod van God verbreek. Terwyl die meeste beroepe nie werknemers soek wat moor of steel nie, sal sommige werkgewers eis dat hulle werknemers die Vierde Gebod verbreek deur op die sewendedag Sabbat te werk. Dit kan 'n ernstige uitdaging wees vir diegene wat reeds in diens is en wil begin om die Gebooie te onderhou. Jongmense het egter die geleentheid om loopbane te teiken waar hulle al God se Gebooie kan onderhou, met inbegrip van die opdrag om op die Sabbatdag te rus. (Vir meer inligting oor die Christelike Sabbat, kan u 'n gratis eksemplaat van *Watter Dag Is die Christelike Sabbat?* aanvra of lees dit aanlyn by *wvm.co.za.)*

Alle goeie ouers wil hê dat hulle kinders suksesvol sal wees as volwassenes. Ek hoop beslis om my kinders te help om beroepe te vind wat hulle bevredigend vind en wat hulle sal toelaat om hulleself te onderhou terwyl hulle God se Gebooie onderhou. Collins se "krimpvarkie-konsep" kan 'n nuttige hulpmiddel wees om jongmense te help fokus op loopbane waarin hulle suksesvol kan wees. Ons kinders het dalk 'n verskeidenheid passies en talente, maar as ouers kan ons saam met hulle werk sodat hulle antwoorde op hierdie "krimpvarkie"-vrae hulle kan help om suksesvol te wees terwyl hulle volwassenheid bereik. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 9 – 'n Onfeilbare fondament*

stewige fisiese fondament waarop die land se ekonomie gebou is. Waarlik, die Kanadese Skild is 'n seën van God wat "baie goed" is.

As Christene moet ons ook 'n stewige fondament hê en daarna streef om gehoorsaam te wees aan ons Verlosser (Lukas 6:46; Johannes 14:15). Jesus Christus het aan Sy volgelinge gesê om hulle geestelike fondament op vaste rots te bou (Matthéüs 7:24-27). Ons Rots is egter Jesus Christus Sélf (1 Korinthiërs 10:4) – anders as die moeilike graniet van die Kanadese Skild. 'n Sterk *fisiese* fondament is slegs volhoubaar met 'n sterk geestelike grondslag wat op Christus gebou is – die enigste beproefde, kosbare geestelike hoeksteen waarop ons moet bou (Jesaja 28:16). WvM


# Die Bybel:
## Feit of fiksie?

***Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!


*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

opstanding – 'n beter toekoms wat nie net kom vir diegene wat in hierdie tyd geroep is nie, maar moontlik is vir almal wat nog ooit geleef het.

Om daardie hoop te verwesenlik, moet elke Christen individueel voor God staan. Nie een van ons kan instaan om vir 'n ander mens se doop te kwalifiseer nie. Die hoop op vergifnis en opstanding se aanvaarding is 'n individuele saak en kan nie vir ons gedoen word deur ander mense nie (vergelyk Eségiël 18:20). Daardie hoop sal vir die meeste mense kom by die Wit Troon Oordeel, beskryf in Openbaring 20 as 'n tyd *ná* die duisend-jarige heerskappy van Jesus Christus. Tydens hierdie Oordeel sal die miljarde mense wat al geleef en gesterf het, sonder om Christus se boodskap werklik te verstaan, uit die dood opgewek word. Baie van hulle het nooit eers Christus se naam gehoor nie. Hulle verstand sal geopen word en hulle sal vir die eerste keer God se waarheid geleer word.

Na opregte bekering sal hulle ook gedoop word en 'n verbond met God aangaan – nie vir iemand anders nie, maar vir hulleself. Dit is God se wonderlike plan vir die oorgrote meerderheid van die mensdom. Indien u graag meer te wete wil kom in verband met hierdie wonderlike toekoms, kan u 'n gratis eksemplaar van *Wat gebeur wanneer u sterf?* versoek of lees dit aanlyn by *wvm.co.za.* WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

**Ontwerp om te werk**

Die oortuiging wat betref die evolusieteorie mislei die mensdom om te dink dat daar geen lewensdoel vir die mensdom is nie en dit het ons op feitlik elke terrein van die lewe op 'n dwaalspoor gelei. Ons is egter nie 'n produk van blinde toeval nie. God het ons met 'n doel geskep. Hy het ons geskep om produktief te wees en om werklik produktief te wees verg beide werk en rus. Wat meer is, Hy het man en vrou geskep om verskillende rolle in die lewe te vervul – iets wat die hedendaagse samelewings toenemend weier om te aanvaar. 'n Man kan nie swanger raak nie. Dit is 'n onweerlegbare feit! Alhoewel sommige mense kies om in 'n fantasiewêreld te leef, behoort die res van ons nie by hulle aan te sluit sonder om te dink nie.

Te veel mense het vergeet dat daar 'n beloning vir werk is, hoe nederig ook al. Jason Furman, hoof van die V.S. se Raad van Ekonomiese Adviseurs van 2013-2017, het verduidelik dat "vir baie mense – waarskynlik vir die meeste van hulle wat die arbeidsmag verlaat – nie slegs 'n gebrek aan inkomste beteken nie, maar ook 'n verlies van menswaardigheid wat met werkloosheid gepaardgaan". (*Brookings.edu*).

God het die mensdom geskep om te werk en wanneer ons kies om *nie* te werk nie vanweë luiheid eerder as gevolg van 'n werklike mediese toestand het dit negatiewe gevolge. Furman wys daarop dat werkloosheid "geassosieer word met depressie, dwelmgebruik, selfmoord en 'n reeks slegte resultate".

Dit is nodig dat ons werk, sodat ons die vrugte van ons arbeid kan geniet asook om in ons behoeftes te voorsien. Ons Skepper het in die begin die voorbeeld gestel deur te werk (Génesis 2:1-2) en Hy verwag van ons om daardie voorbeeld te volg. Jesus het nie gekom om rond te sit nie; Hy het verklaar: "Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, solank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie" (Johannes 9:4). Paulus het die gemeente in Thessaloníka opdrag gegee: "Want ook toe ons by julle was, het ons julle dit altyd beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie. Want ons hoor dat sommige onder julle onordelik wandel, dat hulle nie werk nie, maar bemoeisiek is" (2 Thessalonicense 3:10-11).

**Waardigheid in werk**

Die samelewing se idees wat betref rolle in die huwelik het gedurende die laaste helfte van die eeu (1900's) verander. Dit was eens 'n man se verantwoordelikheid om die voorsiener vir en beskermer van die gesin te wees, maar die feministiese beweging het dit alles verander. Te veel mans verstaan nie meer wat hulle rol in die gesin behoort te wees nie en is al te gretig om terug te sit en hulle vrouens die rol van voorsiener te laat aanvaar. Dit is nie goed vir mans, vroue, kinders of nasies nie. Daar is beslis redes waarom 'n vrou dalk die verskaffer moet word wanneer haar man as gevolg van mediese redes nie kan werk nie – daar is geen skande daarin nie – maar dit behoort nie die norm te wees nie.

Gewoontes om te werk word die beste op 'n jong ouderdom aangeleer en daarom is dit belangrik dat ouers die regte voorbeeld stel en hulle kinders selfdissipline leer wanneer dit by werk kom. "Luiheid laat in 'n diep slaap val, en een wat traag is, moet honger ly" (Spreuke 19:15) en


# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:30 tot 12:00 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

"Hy word arm wat met 'n trae hand werk, maar die hand van die vlytiges maak ryk" (Spreuke 10:4).

Spreuke spreek ook die man aan wat 'n duisend verskonings het. "Het jy 'n man gesien wat wys is in sy eie oë? Daar is meer hoop vir 'n dwaas as vir hom ... Die luiaard is wyser in sy eie oë as sewe wat verstandig antwoord" (Spreuke 26:12, 16).

Die verskoning dat 'n werk "benede 'n mens se waardigheid" is, val weg in die lig van die Bybel se opdrag: "In enige moeitevolle arbeid is voordeel, maar praatjies is net tot gebrek" (Spreuke 14:23). Kortliks, bekwame mans behoort te werk. Indien hulle dink hulle kan beter doen as om burgers voor te berei – wonderlik! Rondsit en wag vir daardie beter werk om tevoorskyn te kom, is *nie* 'n goeie idee nie. Daar is waardigheid in *alle* arbeid en groot beloning – nie net finansieel nie, maar ook in karakter en groei!



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**